Sample For Rev.

# Vrye Weekblad

Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika

10 Februarie 1989 | Tel: (011) 836-7236 | Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)

# 'Olivia het eie agente uitverkoop'

**'N NUWE, ingrypend ander beeld van luit Olivia Forsyth het vandeesweek begin duidelik word: pleks van 'n super-spioen en 'n nasionale held is sy eintlik 'n onbeholpe, onstabiele sosiale vlinder wat haar mede-agente aan die ANC uitverkoop het.**

Uit inligting wat Vrye Weekblad dié week ingewin het, blyk dit dat geheime agent RS 407, wat op universiteit en in Harare bekend was vir haar baie aktiewe liefdeslewe, se weergawe van haar eskapades heelwat verdraai is en dat die ANC waarskynlik net soveel of meer waarde uit haar rol as "dubbele agent" gekry het.

**Peta Thornycroft en Anton Steenkamp**

Die ANC hou vol Forsyth is al met haar tweede besoek aan Zimbabwe as 'n spioen ontmasker en het nooit die binnekringe van die ANC geïnfiltreer nie.

Verskeie lede van die ANC het aan Vrye Weekblad gesê Forsyth het, nadat sy erken het sy is 'n spioen, haar samewerking verleen en verskeie spioene binne en buite Suid-Afrika geïdentifiseer.

Die ANC het geweet van sommige van hulle, maar het eers van die ander kennis geneem toe hul identiteit deur Forsyth uitgelap is.

Een van die persone wat sy geïdentifiseer het, is ene Van Zyl wat daarop deur die ANC na Lusaka ontbied is en met die beskuldiging gekonfronteer is. Hy het dit eers ontken, maar toe hy hoor van Forsyth se bekentenis, het hy erken dat hy vir die Suid-Afrikaanse regering werk.

Van Zyl is nou in 'n aanhoudingskamp in Angola.

Die ANC het bevestig dat hulle aangebied het dat Forsyth, Van Zyl en ander Suid-Afrikaanse agente uitgelewer word in ruil vir die lewens van die Sharpeville Ses, Robert McBride en ander gevangenes wat op die doodstraf gewàg het.

"As ons werklik vir Forsyth geglo het en

*Na bladsy 2*




**Judy Bester spreek die pers dié week namens besorgde moeders oor diensplig in Johannesburg toe. Haar seun Charles is ses jaar tronk toe gestuur weens sy weiering om diensplig te doen. Sien bladsy 3**

# Eetstaking raak nou 'n krisis

**Elsabé Wessels**


DIE eetstaking van honderde swart leiersfigure wat ingevolge die noodtoestand aangehou word, het nou 'n ernstige krisis vir die regering geword weens eetstakers wat al in die hospitaal opgeneem moes word en buitelandse reaksie wat oplaai.

Boonop het meer as dertig top-regslui gister begin vas in solidariteit met aangehoudenes wat sedert 23 Januarie dreig om van honger om te kom indien hulle nie vrygelaat of aangekla word nie.

Die eetstaking, wat nou reeds landswyd uitgebrei het, betrek honderde leiersfigure van verbode en ingeperkte politieke organisasies soos die UDF, SAYCO en ander jeug- en gemeenskapsorganisasies.

Van die aangehoudenes is al amper 1000

*Na bladsy 2*



**FW: Visielose verkrampte of verbeeldinglose pragmatis? 5**

**Van Zyl Slabbert oor die nuwe party 3**

**Upington: Dorp in die skadu van die galg 8 & 9**

**Vra vir Sol: Hy wou jol, nou moet hy hol — 13**

# Ek is bereid om in te klim, sê Slabbert

Elsabé Wessels

DIE Demokratiese Party (DP) sal gereeld gesprekke met die ANC en buiteparlementêre groepe soos Cosatu en die UDF moet voer om 'n effektiewe politieke rol te speel, het die mede-direkteur van Idasa, dr Van Zyl Slabbert, dié week gesê.

Die ANC hou die nuwe party "met belangstelling dop" en dié organisasie se houding is merkwaardig omdat hulle in die verlede nie op party-politieke inisiatiewe uit wit geledere ag geslaan het nie, het hy gesê.

Slabbert is deur die loodskomitee van die DP aangewys as 'n lid van die vierman-leierskapsforum wat die leierskapstrio van die party van raad sal bedien. Sy voortgesette betrokkenheid sal bepaal word deur die rigting wat die party inslaan, het hy gesê.

Alhoewel daar nou wyd gespekuleer word dat Slabbert die leierskap van die party kan oorneem op die party se eerste kongres in Oktober, wou nòg Slabbert nòg lede van die loodsingskomitee hulle hieroor uitlaat.

"Ek is bereid om in te klim en te kyk wat ek kan doen," het Slabbert gesê.

Die nuwe party, wat ontstaan het uit die Nasionale Demokratiese Beweging, die Progressiewe Federale Party, die Onafhanklike Party en die sogenaamde "vierde mag" - ontnugterde Nasionaliste - is verlede Saterdag sy beslag gekry.

Om suksesvol te wees moet die DP nie net in die Afrikaner-gemeenskap stemme werf nie maar ook die steun van buite-parlementêre groepe geniet, het Slabbert gesê.

Gereelde gesprekke met die ANC en ander buite-parlementêre groepe moet lei tot gemeenskaplike aksies om byvoorbeeld Nelson Mandela bevry te kry, sê Slabbert.

Ondersteuners van die DP wat in April gestig word, het Slabbert se betrokkenheid dié week as 'n "ongelooflike vonds" bestempel.

"Ons kry onmiddellik groot geloofwaardigheid in die buite-parlementêre politiek," het 'n verteenwoordiger van die sogenaamde "vierde mag" gesê. Dit behoort 'n duidelike teken te wees van die bereidheid van die party om uit tradisionele wit politiek te breek, het hy gesê.

Slabbert het sy entoesiasme uitgespreek vir die DP, maar was versigtig oor sy eie deelname.

Dit is bekend dat sekere leiersfigure in die Progressiewe Federale Party Slabbert steeds verwyt en wantrou oor die wyse waarop hy sy leierskap van dié party neergelê het.

Slabbert, die staatsregkenner prof Marinus Wiechers, die Stellenbosse ekonoom prof Sampie Terreblanche en oud-koerantredakteur dr Willem de Klerk dien in die leierskapsforum wat die DP se drieman-leiersgroep van raad sal bedien. Hulle sal saam raad gee oor strategie en beleid.


Slabbert was verlede week vir 'n ontmoeting met die ANC in Harare toe hy deur die leier van die Nasionale Demokratiese Beweging, Wynand Malan, telefonies gevra is om betrokke te raak.

Slabbert het gesê hy het nog nie formele samesprekings met die partyleiers gehou nie. Hy sien daarna uit om te help formuleer aan die beleid en strategie van die nuwe party.

Hy staan by die redes waarom hy die leierskap van die PFP laat vaar het. "Te veel mense is nog verlief op die ritueel van die parlement. Binne-parlementêr sal die party buite-parlementêr moet dink," het Slabbert gesê.



Van Zyl Slabbert





## Persvryheid

**Jan van Eck, LP, Libby LLoyd, sameroeper van die Genootskap vir Demokratiese Joernaliste, Moegsien Williams, redakteur van South, en Essa Moosa, menseregte-prokureur, dié week op pad na die kantoor van minister Stoffel Botha in Kaapstad. Petisies wat eis dat die dreigemente teen die publikasies Grassroots, New Era, Work in Progress en Al Qalam teruggetrek word, is aan hom oorhandig. Vrye Weekblad het sy steun aan die genootskap uitgespreek en gesê hy wil sterk beswaar maak teen die regering se minagting van vrye spraak. "Ons glo die regering se beleidsrigtings en die staat se optrede is ernstiger bedreigings vir die vrede as wat enige publikasie kan wees."**

# Moeders in opstand teen diensplig

Charles Leonard

WAT gebeur as jou seun dít wat jy hom van kleinsaf leer, ernstig opneem?

Judy Bester, moeder van Charles, wat vir ses jaar opgesluit is vir sy weiering om diensplig te doen, het die gevolge daarvan verduidelik by 'n nuuskonferensie wat die afgelope week in Johannesburg gehou is.

Sy is een van amper duisend moeders landwyd wat 'n verklaring onderteken het waarin gevra word vir die instelling van "konstruktiewe nie-straffende alternatiewe op verpligte militêre diensplig".

### Aangemoedig

"Ons leer ons kinders dat eerlikheid 'n deug is," het sy gesê. "Ons leer hulle dat medelye 'n belangrike bestanddeel van die menslike siel is; dat vrede gesoek moet word; dat die erkenning van, en respek vir menswaardigheid, ongeag klas, ras of kleur, absoluut is.

"Ek glo dat hierdie sentimente universeel aangehang word en dat ons, as moeders, aangemoedig word in ons pogings om sulke ideale te koester.

"Dit klink alles so beskaafd. Maar wat as jou seun jou ernstig opneem, as hy goed leer en hy oortuig is dat hierdie waardes reg en waar is?

"Wat as sy antwoorde hom in konflik bring met die owerheid wanneer hy na antwoorde op sosiale en en morele probeleme soek? Erger nog, wat gebeur as hy bereid is om dade by sy ideale te voeg?"

Met sy verhoor het Charles Bester dit self só regverdig: "Ek is 'n belydende christen en ek glo dat dit Jesus Christus se wens op aarde was dat daar vrede, geregtigheid en vryheid moet wees. Ek glo vas dat God wil hê ek moet weier om diensplig te verrig."

### Aangedaan

Duidelik aangedaan het Bester, onder 'n banier wat sê "Give our sons a choice", beskryf hoe sy 20 maal 'n jaar 'n halfuur lank na haar seun deur 'n glas-afskorting mag kyk, en met hom oor 'n mikrofoon kan praat.

"Ons kan nie aan mekaar raak nie, ons kan mekaar nie omhels nie."

Nog 'n moeder wat die media in Johannesburg toegespreek het was Elizabeth Storey. Sy het 'n nie-rassige Suid-Afrikaanse vredeskorps as alternatief militêre diensplig voorgestel.

Hierdie korps, saamgestel uit vrywilligers, sal in die gemeenskap uitgaan en huise bou, welsynswerk doen, voedingskemas administreer, en basiese gesondheidsdienste hanteer met die doel om sterk bande in 'n gepolariseerde Suid-Afrika te smee.

Soortgelyke perskonferensies is Dinsdag in Kaapstad gehou.

# 'Ek was nie op hoogte'

Martin Welz

DIE registrateur van finansiële instellings, Theo van Wyk, het vandeesweek gereageer op 'n berig in Vrye Weekblad verlede week waarin onthul is dat hy tot onlangs 'n stille sakevennoot was van dr Eugene Berg, voorsitter van Eurobank en 'n sentrale figuur in die Vermaas-drama.

In 'n brief aan Vrye Weekblad maak Van Wyk beswaar teen dié stelling en sê: "Alhoewel ek 'n geruime tyd gelede wel 'n trustee van dr Berg se familietrust en 'n direkteur van dr Berg se houermaatskappy was en 'n klein aandeelhouding in laasgenoemde gehad het, het ek vóór ek op 1 Junie 1987 as registrateur in diens getree het as trustee en direkteur bedank en begin onderhandel oor die verkoop van die aandele.

"Enkele weke daarna is die betrokke aandele verkoop en sedertdien het ek geen sakeverbintenis met dr Berg gehad nie."

Volgens inligting wat Vrye Weekblad bekom het, is Van Wyk se naam egter eers enkele weke gelede verwyder as trustee van die Berg Familietrust.

Van Wyk se verklaring hiervoor is dat hy reeds in Mei 1987 bedank het, maar dat sy bedankingsbrief blykbaar "verlore geraak" het.

Van Wyk was saam met Berg en Jan Lombaard, seun van dr Jan, betrokke by die omskepping van die Franse Aksepbank in die Allied Bank.

Oor sy destydse betrokkenheid by een van Berg en Lombaard se omstrede saketransaksies, sê Van Wyk dat sy naam sonder toestemming gebruik is by 'n Reserwebank-aansoek, maar dat dit irrelevant geraak het toe die aansoek deur die Reserwebank afgekeur is.

"Ek was in daardie tyd met baie ander dinge besig en was nie op hoogte met al dr Berg se transaksies nie. Ek het die mense vertrou en geglo alles was bo verdenking," het Van Wyk aan Vrye Weekblad gesê.

# Hof sal beslis oor Braklaagte

Elsabé Wessels

DIE vrede van 'n klein Wes-Transvaalse nedersetting wat in 'n "swart kol" val word bedreig deur moontlike verskuiwing na die tuisland Bophuthatswana.

Die toekoms van Braklaagte se 10 000 inwoners is in die weegskaal.

Niemand sou van die nedersetting aan die hange van die Maricoheuwels kennis geneem het nie. Maar Braklaagte moet soos baie ander "swart kolle" volgens die regering by 'n tuisland - Bophuthatswana - ingelyf word.

Wen die staat 'n hofsaak teen die inwoners van Braklaagte op 7 Maart is Braklaagte deel van Bophuthatswana.

Zeerust se konserwatiewe munisipaliteit het reeds begin om dienste aan die gemeenskap te staak.

Die regering het op 31 Desember 1988 Braklaagte se inlywing by Bophuthatswana in die staatskoerant afgekondig.

In Braklaagte het sowat 3000 volwassenes reeds 'n petisie teen inlywing onderteken. Hulle het terselfdertyd om die herstel van hul burgerskap aansoek gedoen.

Voor die afskaffing van instromingsbeheer in 1986 het duisende Tswanas, Xhosas en Vendas hul Suid-Afrikaanse burgerskap verloor toe die regering hulle outomaties burgers van tuislande gemaak het.

"Die inwoners vrees dat indien die regering voortgaan met die inlywing hul kinders hul Suid-Afrikaanse burgerskap sal verloor," het 'n gemeenskapswerker dié week gesê.

## VSA vir vrede?

DIE VSA is bereid om as bemiddelaar op te tree in 'n poging om die burgeroorlog in Mosambiek te beëindig, het 'n woordvoerder van die Amerikaanse departement van buitelandse sake, Charles Redman, dié week in reaksie op 'n voorstel van Suid-Afrika gesê.

Minister Pik Botha het vandeesweek aan die hand gedoen dat die VSA as bemiddelaar tussen die Mosambiekse regering en Renamo optree. - AFP

# Visielose verkrampte of verbeeldinglose pragmatis?

**Dit is waarskynlik net 'n kwessie van tyd voordat FW de Klerk, nuut-verkose leier van die Nasionale Party, die leisels as staatshoof by PW Botha oorneem. Hoe gaan dit die verloop van Suid-Afrika se geskiedenis verander? MAX DU PREEZ en ELSABE WESSELS ondersoek die man en sy sieninge.**

DAAR verras Frederik Willem de Klerk toe vriend en vyand met 'n "verligte" eerste toespraak in die Parlement sedert sy verkiesing. Of was dit oëverblindery, FW-speak as't ware?

Dit is juis die probleem met die wit politiek se nuwe kroonprins - 'n mens kan nie vat kry aan die man nie. Of is dit juis sy sterk punt?

Van sy vyande het dit al aan sy vaal middelmatigheid toegeskryf. Maar hulle onderskat waarskynlik sy intellek en sy kennis van politieke straatgevegte.

Wat 'n mens hier byna sonder vrees vir teenspraak kan stel, is dat daar onder sy leiding nuwe beweging in die politiek sal kom. Maar dit is eerder 'n refleksie op die halsstarrige outokraat PW Botha as 'n kompliment vir De Klerk. Aan die ander kant het van sy vriende al glo 'n streep pragmatisme in hom raakgesien - 'n woord wat PW nie eens kan spel nie.

Pragmatisme het De Klerk miskien, maar verbeelding beslis nie. En dit is tog wat in 1989 van 'n nasionale leier verwag word.

Om mee te begin sal De Klerk nie sommer outomaties PW se vaste posisies oor sekere sake kan oorneem nie - hy sal nuwe posisies moet definieer. Daaronder val veral die vrylating van Nelson Mandela, gesprekvoering met buite-parlementêre groepe en die groeiende magsbasis van die sekurokrate.

## Verras

Maar seker die mees kritieke vraag is: Gaan FW aanvaar dat hy die regses finaal verloor het en dat hy 'n slag oor sy ander skouer moet begin kyk, of gaan hy ook oorval word deur 'n die-volk-moet-weer-verenig-word-nostalgie?

As hoofprofeet van groepsregte en eie sake het sy woorde dié week verras: "Die NP het nie so 'n groot ideologiese obsessie met die groepskonsep as wat baie kritici voorgee nie."

Maar hy het seker nie van een week tot die volgende van siening verander nie. Lees wat ouboet Wimpie laas Sondag geskryf het: "Ons verskil radikaal oor die manier waarop ons by dié ideaal ('n politieke skikking) moet uitkom.

"Hy beskou rassegroepe as die hoeksteen van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel en die ononderhandelbare 'bottom line' vir politieke ontwikkeling. Ek glo dit is presies dié benadering wat hierdie land op die pad na rampspoed geplaas het."

Wimpie het ook darem hoop vir FW: "... my broer glo sterk in die demokrasie en die parlementêre proses. Ek glo nie hy sal so swaar soos sy voorganger steun op die advies en die masjinerie van die militêre en die sekurokrate nie."

Woorde soos "ope dialoog", "dialoog van gee en neem", "strewe na 'n nie-rassige land vry van diskriminasie" in De Klerk se toespraak Woensdag is hongerig as tekens van hervormingsgesindheid opgeraap.

"In sover as wat wit baaskap nog bestaan, moet dit weg," het hy gesê en homself verbind om onderhandelinge oor 'n aanvaarbare grondwet vir almal te bespoedig.

Wie die almal is van wie De Klerk gepraat het, is nie duidelik nie. Want in dieselfde asem het hy wit kiesers verseker dat hy hom vir die beskerming van wit belange en die belange van ander minderheidsgroepe sal beywer. Dus die beskerming van wit groepsbelange ten alle koste.

Hiermee het De Klerk sy ou onderrok die verste laat uithang. Die man se beheptheid met eie sake, eie skole, eie woongebiede en eie besluitneming het al 'n politieke ritueel geword.

Soos Wynand Malan dit gestel het: "Dit is jammer De Klerk het nie diskriminasie summier verwerp nie."

Soek 'n mens na reëndruppels van hervorming in De Klerk se politieke lewe die afgelope paar jaar, betree 'n mens 'n dorre streek van doringtakke en aalwynsap.

Steeds vars in die geheue is De Klerk se skerp neerbuigende waarskuwing aan die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se Danie Craven en Louis Luyt omdat hulle dit gewaag het om met die ANC te praat.

As Minister van Nasionale Opvoeding in beheer van die land se sportbeleid het De Klerk in 'n toespraak só skerp teen kontak met die ANC te velde getrek dat die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, dr Danie Craven, dit die land se tweede Loskopdam-toespraak genoem het ('n verwysing na Hendrik Verwoerd se verbod op Maori-rugbyspelers in 1965.)

De Klerk het onmiddellik gedreig dat die regering sy subsidie aan die SARR sou heroorweeg indien die raad sou besluit om Craven se standpunt oor skakeling met die ANC te onderskryf.

Sou dit 'n teken wees van die man se hervormingsgesindheid?

Die afdreiging van weerbarstiges met staatsgeld was ook vir De Klerk geen nuutjie nie. Sy skerp dreigemente in Oktober 1987 dat die ruim subsidies wat die universiteite van die staat ontvang, gestaak sou word indien die universiteitsowerhede nie die streng reëls nakom wat die regering neergelê het nie, het die gramskap van opvoedkundiges om die hals gehaal.

Geniepsigheid het egter 'n karaktertrek van De Klerk se roemryke loopbaan in die politiek geword.

Op kleinlike wyse het De Klerk in April 1987 op 'n openbare vergadering in Pretoria 'n uitnodiging aan wit kiesers gerig om mense van ander kleur wat in wit woongebiede woon te "rapporteer" sodat die regering teen hulle kan optree.

"Ons beleid is nie om mense op onmenslike wyse op straat te gooi nie. Daar is egter maatreëls op die wetboek en die toepassing van daardie reëls bly die NP se beleid."

Hoe rym dit dan nou? Is FW op pad na Damaskus sedertdien bekeer?

Die terme verlig en verkramp is deur De Klerk se broer Willem geskep. Miskien moet 'n mens weer by broer Willem gaan aanklop om 'n gepaste beskrywing vir die nuwe NP-leier se standplaas te vind.

Of is dit maar 'n voorbeeld van die wydsbeenloop wat 'n mens kry in 'n provinsie waar NP-setels bedreig word?

Vereeniging, De Klerk se kiesafdeling, kan KP-leeukos word in die volgende algemene verkiesing. 'n Partyleier sonder 'n setel?

Sy politieke skoling het reeds in die wieg begin. Sy oupagrootjie was 'n senator, sy oupa het homself tweekeer onsuksesvol verkiesbaar gestel vir die parlement, en sy pa Jan de Klerk was 'n senator en minister onder JG Strijdom en HF Verwoerd.

De Klerk se ma, die 84-jarige Corrie de Klerk, het 'n paar juweeltjies te vertel oor haar seun.

Sy vertel in 'n onderhoud met 'n Sondagkoerant: "Toe hy skoolskool saam met sy swart maatjies gespeel het, het hy hulle altyd laat sit en dan het hy vir hulle geleer en gepreek. Hy het op 'n kassie gestaan en dan het hy vir hulle gepreek. Hulle moet dít doen en hulle moet dát doen..." (Wat het intussen verander?)

## Vriende

Sy vertel ook dat die twee broers nie meer politiek praat nie. "Dis wonderlik om twee sulke seuns te hê, maar dit gee nou ook bekommernisse. Dink nou net hoe lekker dit sou gewees het as hulle albei aan dieselfde kant was.

"Maar soos Wimpie in een van die koerante gesê het: FW is nie so verkramp as wat hulle dink nie. Dis baie mooi. Hy't 'n pragtige ding daar gesê van FW."

En die moeder weet reeds dat Wimpie nie die leier van die nuwe Demokratiese Party sal word nie: "Hy sal sórg dat dit nie gebeur nie. Nee, hy sal dit nie doen nie. Hy't al lankal besluit hy gaan dit nie doen nie...

"Die twee broers is nog vriende, hulle is groot vriende. Hulle is lief vir mekaar, hulle verstaan mekaar, hulle praat net nie meer politiek nie, want die een se standpunt verskil heeltemal van die ander s'n."

Vroulief Marike - wat onlangs opspraak verwek het oor neerhalende rassistiese uitlatings wat sy in 1983 gemaak het oor kleurlinge wat die "oorskiet" is, Indiërs "wat toesig nodig het" en swartmense teenoor wie "blankes se belange altyd eerste in ag geneem moet word" - dien in in die federale raad van die NP.

Sou sy 'n ware geesgenoot wees? Of eerder 'n albatros om sy nek?

De Klerk is 'n skrander man. Hy het die graad BA LLB cum laude in 1958 aan die Potchefstroomse Universiteit verwerf. Veertien jaar later het hy 'n goeie regspraktyk laat vaar om oud-minister Blaar Coetzee se Vereeniging-setel te beveg.

In April 1978 het hy sy eerste kabinetspos beklee: Minister van Pos en Telekommunikasie. Maatskaplike Werk en Pensioene, Sport en Ontspanning, Mynbou en Omgewingsbeplanning en Energie, Binnelandse Sake en Nasionale Onderwys het daarop gevolg.

Met die instelling van die driekamer-parlement is hy aangewys as voorsitter van die Ministersraad en leier van die Volksraad.



'n Ander groot verskil tussen hom en PW Botha is natuurlik dat PW die Onaantasbare was, deels weens sy senioriteit in die kabinet, maar ook weens sy opvlieënde humeur en onverdraagsaamheid.

FW gaan nie dieselfde luukse hê om ander ministers te ignoreer of dood te praat nie - minstens nie Pik Botha of Chris Heunis wat sy seniors in die Kabinet is, of Barend du Plessis, wat hom amper in die leierskapstryd geklop het nie.

'n Britse joernalis het De Klerk 'n tyd gelede die Gorbatsjof van Suid-Afrika genoem. Maar miskien moet ons nie asems inhou terwyl ons wag vir boere-glasnost nie - die twee leiers het waarskynlik nie meer in gemeen as 'n kaal kop nie.

## Beëindig apartheid, vra Britte vir De Klerk

LONDEN - Die Britse minister van buitelandse sake, sir Geoffrey Howe, het 'n beroep gedoen op die nuwe NP-leier, FW de Klerk, om die bestel in Suid-Afrika se vinnig moontlik te verander.

"Ons hoop mnr De Klerk, in sy hoedanigheid as partyleier, sal sy party - en so ook Suid-Afrika - lei op die weg na hervorming. Dit is ons gesamentlike doelstelling. Ons wil hê dit moet so gou as moontlik gebeur," het hy in die Laerhuis gesê.

"Die waarheid is dat geen stem wat vir verandering in Suid-Afrika pleit met meer aandag aangehoor word as die stem van die Eerste Minister van hierdie land nie.

"Daar is twee redes daarvoor: dat ons teenkanting teen apartheid ongekwalifiseerd is, en dat ons teenkanting teen sanksies net so ongekwalifiseerd is. Volgens ons oordeel sal sanksies die saak heelwat laat versleg eerder as verbeter." - AFP

## 'Redakteur se styl en metodes lei tot polarisasie'

# Dominee Brand lóóp Kerkbode oor skewe aanbieding

Anton Steenkamp

IN 'n ope brief aan Die Kerbode word die redakteur van dié NG-mondstuk, dr Fritz Gaum, beskuldig van verdagmakery, eensydige berigge-wing, en die selektiewe gebruik van "betroubare" bronne.

Die Kerkbode word ook daarvan aangekla dat dit feite en menings manipuleer en allerlei joernalistieke truuks en arrogante redaksionele kommentaar "knap" hanteer.

Ds Herbert Brand, die skrywer van die brief en leraar van die NG-gemeente St Stephens in Kaapstad, sê die styl en metodes wat onder dr Gaum se redakteurskap na vore getree het, is "immoreel" in die sekulêre pers, maar in 'n kerkblad is dit "onvergeeflik".

Ds Brand het dit veral teen die redaksionele reaksie op die onlangse byeenkoms van NG-predikante by die Betel-sentrum in Kaapstad. By die byeenkoms is daar sterk standpunt ingeneem teen apartheid en staatsgeweld.

In 'n hoofartikel het Die Kerkbode te velde getrek teen die "geheime wyse" waarop die byeenkoms gereël is en die "selektiewe manier waarop uitnodigings gerig is".

'n Hoofberig op die voorblad het slegs een predikant se kritiese mening oor dié byeenkoms aangehaal, dié van ds MM du Toit van Tafelberg. Volgens ds Brand is dit hy "wat die gespreksgroep geïnisieer het waaruit die byeenkoms later gebore is - maar wat blykbaar 'n 'betroubare bron' geword het ná sy onttrekking aan die reëling van die byeenkoms!"

Ds Brand sê die byeenkoms was "só 'n groot geheim dat Die Kerkbode se berig én hoofartikel) reeds in die pers was voor die byeenkoms begin het", en die uitnodigings "só selektief dat ds Du Toit welkom sou wees, as hy maar wou kom".

Die drama rondom ds Stiaan van der Merwe, dosent aan die teologiese skool Justo Mwale in Lusaka, wie se salaris deur die Vrystaatse sinode opgeskort is weens sy "kwetsende houding en kritiek teenoor die NG Kerk", is op 16 Desember verlede jaar in Die Kerkbode gerapporteer.

"Op dié ernstige aantygings - en die hoogs aanvegbare besluit van die Sendingkommissie - gun Die Kerkbode ds Van der Merwe egter geen geleentheid tot verweer nie."

Oor Die Kerkbode se hantering van dr Allan Boesak sê ds Brand dat die blad "alle moontlike joernalistieke truuks - van die gelaaide opskrif, deur die 'rangskikking' van sy antwoorde tot met die klassieke hoogs onvleiende foto - gebruik om 'n beeld van hom as voorstander van geweld die wêreld in te stuur."

Ds Brand beskuldig dr Gaum verder daarvan dat sy "styl en metodes" tot polarisasie en verwydering tussen die NG Kerke bydra.

# Nkosi Sikelel' in Hooggeregshof

Vernon Fischer en Dennis Morris

KAAPSTAD — Familielede en vriende van 14 hoogverraad-aangeklaagdes, baie van hulle in die swart, groen en goue kleure van die ANC geklee, het in die openbary galery opgestaan en Nkosi Sikelel' iAfrika gesing toe die aangeklaagdes dié week die Hooggeregshof in Kaapstad binnestap.

Die 14 is nie gevra om te pleit nie en die saak is uitgestel tot 1 Maart.

Onder die 14 mense wat aangekla word van hoogverraad, alternatiewelik terrorisme, is daar blanke, swart en bruin werkers, akademici, moeders en vaders.

Die staat beweer dat die 14 verantwoordelik was vir verskeie bomaanvalle, onder meer op DF Malan-lughawe, Athlone se landdroshof en Mowbray se polisiekantoor.

Daar word ook beweer dat hulle wapens en ammunisie uit buurstate vervoer het, inligting vir die ANC ingesamel het, lede en geld vir die ANC gewerf het en deel was van 'n netwerk wat as die Western Cape Machinery bekend staan.

Een van die beskuldigdes, Tony Sitembisa Yengeni, het na bewering in 1986 die bevel van die netwerk oorgeneem nadat die Wes-Kaaplandse bevelvoerder, Lizo Bright Ngqumgwana, in hegtenis geneem is.

Yengeni, wat getroud is met 'n ander beskuldigde, Lumka Elizabeth Nyamza, het na bewering in die Sowjet-Unie en Angola militêre opleiding ondergaan, en in 1986 na Suid-Afrika teruggekeer as kommissaris vir Wes-Kaapland.

Die staat beweer dat hy verantwoordelik was vir die stigting van politieke selle in massa-organisasies en vakbonde, die verspreiding van ANC- en Sactu-propaganda, die stigting van 'n polities-militêre komitee vir die gebied, die berging van ammunisie en verskeie gewelddadige optredes.

Nog 'n beskuldigde, Jennifer Ann Schreiner, was volgens die staat 'n uitvoerende lid van die Western Cape Machinery.

Schreiner, wat 'n lektor aan die Universiteit van Kaapstad was, is die dogter van prof Denys Schreiner, adjunk-vise-kanselier van die Universiteit van Natal.

Na bewering was Schreiner in beheer van finansies, die verspreiding van propaganda en die insameling van inligting wat na die ANC deurgestuur is, en het sy en Yengeni woonpersele in Lansdowne gehuur om wapens, ammunisie en plofstof te berg.

In Julie 1987 het dié twee na bewering bomme by Castle Court in Kaapstad en by DF Malan-lughawe geplant. In September 1987 het Schreiner glo Harare toe gegaan om Chris Hani, die kommissaris van Umkhonto we Sizwe, en Joe Slovo, uitvoerende lid van die ANC en SAKP, te ontmoet.

Tydens haar inhegtenisname het Schreiner AK 47-gewere, ammunisie, plofstof en ANC-propagandamateriaal in haar besit gehad, sê die staat.

Die ander beskuldigdes is: Michael Mzimkulu Lumbambo, 27; Mbutu Richmond Nduku, 27; Wellington Mongameli Nkwandla, 32; Mthethelwi Titana, 27; Gary Kruser, 28; Christopher Charles Giffard, 28; Sitlabocha Charles Mahlala, 38; Alpheus Nqwana Ndude, 46; Gertrude Fester, 36; Suraya Abass, 36, en Colleen Lombard, 38.

Die voormalige besturende direkteur van Nasionale Pers, adv DP de Villiers, tree vir die beskuldigdes op.


# Vrye Weekblad

## Bestuurder

**Vrye Weekblad het 'n vakature vir 'n algemene bestuurder.**

**Die persoon wat ons soek - man of vrou - gaan 'n belangrike rol speel in ons toekoms. Sy of hy sal:**

* **Oorkoepelende finansiële beheer en bestuur uitoefen;**
* **beheer hê oor die bemarkings-, advertensie- en administrasie-afdelings;**
* **langtermyn-beplanning doen; en**
* **die druk en verspreiding van die koerant monitor.**

**Maar bowenal sal dit 'n persoon wees wat ons entoesiasme en visie oor Vrye Weekblad deel; iemand wat deel wil word van een van die mees opwindende projekte in Suid-Afrika in 'n lang tyd.**

**Ons soek iemand met baie energie, ondernemingsgees en vindingrykheid. Ondervinding is noodsaaklik, maar nie noodwendig in die koerantwêreld nie.**

**Naas 'n hoogs kompeterende salarispakket bied ons buitengewone werksbevrediging en baie aangename werksomstandighede.**

Stuur 'n CV aan Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033, of maak 'n afspraak by Karien Norval by 836-7236.


# Die lot van Stellenbosch se plakkers gou beslis

Barend Theron

DIE lot van ongeveer 40 inwoners van Stellenbosch word moontlik vandag in die Kaapse Hooggeregshof beslis nadat dié dorp se munisipaliteit hulle 'n week kennis gegee het om die grond waarop hulle reeds twee jaar woon, te ontruim.

Verlede Vrydag het die hof die munisipaliteit in 'n dringende interdik verbied om die plakkers te verskuif, afhangende van vandag se hofsaak.

Die plakkers woon op 'n stuk grond langs die spoorwegbrug tussen Cloetesville en Stellenbosch. Die stuk grond, Uitsig, behoort aan die munisipaliteit en gaan binnekort verkoop word.

Volgens die plakkers se prokureur het 'n amptenaar van die munisipaliteit gesê hulle gaan geen alternatiewe huisvesting aan die plakkers verskaf nie.

Die burgemeester van Stellenbosch, prof Danie Schumann, wil nie kommentaar lewer nie omdat die saak "sub judice" is.

In antwoord op 'n vraag of daar enige alternatiewe huisvesting gebied gaan word, het hy gesê: "Die meeste plakkers is mense wat reeds huise gehad het, maar wat opgehou het om huur te betaal."

Volgens Schumann het Stellenbosch nie 'n plakkerprobleem nie, maar wel 'n behuisingsnood.

Die plakkers beweer hulle bewoon die grond regmatig, omdat amptenare van die munisipaliteit dikwels die gebied besoek het en nie beswaar aangeteken het teen hul teenwoordigheid nie. Die verskuiwing is ook onregmatig omdat die munisipaliteit geen alternatiewe huisvesting bied nie.

Die munisipaliteit gaan die aansoek van die plakkers teenstaan op grond van Artikel 3b van die Plakkerwet, wat bepaal dat plakkers wat sonder toestemming 'n stuk grond bewoon, sonder 'n hofbevel verskuif mag word.

Die onlangse Hooggeregshofuitspraak oor die Port Nolloth-plakkers gaan moontlik 'n rol speel in vandag se hofsaak. In dié uitspraak het die regter bevind dat toestemming aan plakkers om 'n gebied te bewoon, stilswyend kan plaasvind, en dat alternatiewe huisvesting beskikbaar moet wees voor die plakkers verskuif mag word.

Een van die plakkers, Wilhelmina van Coller, 28, woon sedert Mei 1987 saam met haar drie kleuters op Uitsig.

"Ek het Stellenbosch toe gekom in 1975 en het in verskeie plakkerskampe gewoon, wat een na die ander gesloop is. Ek is voorheen tot ses maande tronkstraf gevonnis, opgeskort vir drie jaar, omdat ons op munisipale grond gewoon het. Die drie jaar is nog nie verby nie. As ek nou weer aangekla word, gaan ek sit."

# Mugabe: moenie met ons praat nie, praat met Mandela

**Robert Mugabe, eerste minister van Zimbabwe, het in 'n diepgaande onderhoud met MAUD MOTANYANE, die redakteur van die tydskrif Tribute, sy sieninge gegee oor sanksies teen Suid-Afrika, die moontlikheid van onderhandeling hier, en die stryd teen apartheid. Hier volg 'n geredigeerde weergawe van die onderhoud.**



Robert Mugabe

**DIT lyk asof sekere lande huiwer in hul opposisie teen Suid-Afrika. Is u nie bekommerd dat u uiteindelik alleen die fort sal hou nie?**

MUGABE: Ek is bewus dat die Suid-Afrikaanse regering my as die belangrikste struikelblok sien vir sy uitwaartse beleid. Waarom moet ons vriendeliker met Suid-Afrika wees? Het die situasie in Suid-Afrika ten goede verander?

Botha wil vriende wen, sodat hulle die internasionale aanval op Suid-Afrika en kritiek op Suid-Afrika kan neutraliseer. Hy sal daarom probeer om ons op 'n taktvolle manier stil te maak.

Maar as hy oor enigiets wil onderhandel moet die geskil tussen apartheid en die onderdrukte massa in Suid-Afrika opgelos word. Dan sal die verskille wat daar tussen hom en ons bestaan nie meer daar wees nie.

Botha moet praat met die leiers in sy eie land. Hoekom wil hy oor die grens spring en met ons praat? Ons stel slegs onregstreeks belang in wat in Suid-Afrika gebeur. Die mense wat regstreeks belangstel is hulle wat hy in die tronk gesit het. Mandela en ander, en dié wat die bevrydingsbeweging van buite lei. Waarom vermy hy hulle terwyl hy met ons wil praat?

Ons aanvaar dat ander lande soos Mosambiek ter wille van vrede met Suid-Afrika moes praat. Die vraagstuk was nie om Suid-Afrikaners in hul stryd in die steek te laat nie, maar om die konflik tussen Suid-Afrika en Mosambiek te verminder.

Sommige mense mag ons posisie (dat ons nie met Suid-Afrika praat nie) as te radikaal sien maar jy kan nie met apartheid 'n kompromie tref nie. As jy saam met apartheid eet, dink ek nie kan jy 'n lepel kry wat lank genoeg is om te verhoed dat jy uiteindelik deur apartheid ingesluk word nie.

Ons het gesê dat apartheid nie aangepas kan word nie. As jy dit nie kan verbeter nie, kan jy dit nie hervorm nie. Dit moet geheel en al afgeskaf en vernietig word.

**Kan omvattende sanksies teen Suid-Afrika slaag sonder dat sy belangrikste handelsvennote daaraan deelneem?**

MUGABE: Die Frontlinie-state is histories en geografies aan Suid-Afrika verbind en dryf nog steeds handel met Suid-Afrika. Die SADCC wil ons ekonomiese afhanklikheid van Suid-Afrika verminder. Ons doen ons bes. Daarom het ons ons magte in Mosambiek om te verseker dat die Chikwalakwala-Limpopo-spoorlyn Maputo bereik.

Ons mense sterf omdat ons ons handel van Suid-Afrika wil wegkeer na hierdie roetes, wat ons glo meer natuurlik en goedkoper is.

Ons is bewus dat ons ekonomieë 'n lang tyd reeds aan Suid-Afrika verbind is, en dit lank sal vat om ons bande af te sny.

Maar dit beteken nie dat ons nie die morele plig het om 'n beroep op die internasionale wêreld te doen om sanksies teen Suid-Afrika in te stel nie. Op alle internasionale forums het ons 'n beroep gedoen vir omvattende verpligtende sanksies teen Suid-Afrika.

Brittanje, die Europese Ekonomiese Gemeenskap en die VSA het nie gereageer soos ons verwag het nie. Brittanje sê "nee" omdat hy nie wil hê sy eie handel moet geraak word nie.

Ons beroepe het nie geslaag nie, maar ook nie heeltemal misluk nie. Soos jy weet het die Boere toegegee dat sanksies die ekonomie in 'n mate geskaad het.

Dit is duidelik dat hulle wat geglo het dat Botha - as daar konstruktief met hom gepraat word - uiteindelik sou besef dat apartheid laat vaar moet word, nou uitgevind het daar skaars enige beweging in 'n positiewe rigting was.

Daar is tekens dat sanksies in die toekoms beter en meer doeltreffend sal werk.

Die stryd teen apartheid vereis al hierdie insette en mense sal uiteindelik leer dat sanksies kan werk. Ons beroep op Suid-Afrika se belangrikste handelsvennote op die oomblik is om die sanksieprogram te aanvaar. Hulle mag aanvanklik nie omvattende verpligtende sanksies aanvaar nie, maar een of ander doeltreffende sanksiepakket.

**Wat is die moontlikhede vir 'n onderhandelde skikking in Suid-Afrika?**

MUGABE: Ek kan werklik nie enige onderhandeling in hierdie stadium sien plaasvind nie. Wat Namibia en Angola betref, lyk sake belowend. Ons hou duim vas omdat ons die Boere nooit vertrou totdat sake afgehandel is nie. Maar wat Suid-Afrika betref, lyk sake sleg.

As die Boere byvoorbeeld Mandela en ander bevry, kan die leierskap 'n strategie uitwerk in die hoop dat Botha se regering hulle vir samesprekinge sal nader. Ons dring daarop aan. Ons dring al lankal daarop aan, maar dit lyk nie of die boodskap deurdring nie.

Totdat die stryd teen apartheid versnel en verhoog word tot 'n vlak wat die Boere sal oortuig dat hulle die oplewing nie kan teenstaan nie, sien ek geen vooruitsigte wat hulself soos manna uit die hemel sal aanbied nie.

Maar ons sal aanhou om druk uit te oefen. Ons sal voortdurend 'n beroep doen op dié wat meer druk as ons kan uitoefen om dit te doen en om die regime oor te haal om ten minste tot gesprek in te stem.

**Watter lesse kan swart Suid-Afrikaners leer uit die vryheidstryd in Zimbabwe?**

MUGABE: Die bevrydingsbewegings moet eerstens die vyand identifiseer. Wie is die vyand?

Die verskille tussen dié bevrydingsbewegings is nie antagonisties nie. Hulle moet hul magte saamsnoer teen die gemeenskaplike vyand. Ons was ook in Zimbabwe verdeeld, maar het die gemeenskaplike vyand beveg.

Nadat jy die vyand geïdentifiseer het, moet jy die metode definieer waarvolgens jy die stryd teen die vyand gaan aansê. Die ANC en PAC het die stryd geïdentifiseer as die gewapende stryd wat ondersteun word deur stryd in ander vorme - polities, diplomaties, ekonomies.

Vir ander organisasies soos die UDF is 'n politieke stryd weens omstandighede aanvaarbaar.

Die tipe gewapende stryd moet natuurlik ook gedefinieer word. Ons het gesê die loop van die geweer moet in 'n politieke rigting wys. Die politiek lei die geweer; met ander woorde, jy moet die mense politiseer.

Jy skiet nie net om te skiet nie. Jy moet anders skiet as Botha en Malan. Jy sien dat hulle skiet om dood te maak. Hulle kan argumenteer dat hulle skiet om apartheid te handhaaf.

Maar jy skiet omdat jy politieke verandering verandering wil hê. Daarom moet mense gepolitiseer word, en daarom moet die kaders gepolitiseer word. Die gewone mense, wat werklik die basis van die stryd vorm, moet gepolitiseer word sodat hul bereid is om die spit af te byt.

As hulle bewus gemaak word dat hulle bereid is om te besef dat lyding in die nasionale belang is ... in die belang van toekomstige geslagte ... hulle kinders, hulle kinders se kinders ... sal hulle bereid wees om te sterf.

Hulle sal bereid wees om tronk toe te gaan, soos ek hoop en inderdaad sien die mense van Suid-Afrika bereid is om te doen. So, daar is dit: Bou die stryd op die mense.

Ons was Maoïsties in ons benadering. En Mao se eie teorie van guerrilla-oorlogvoering was om die mense eerste te stel. "'n Guerilla sonder die steun van die mense is soos 'n vis uit die water," het Mao gesê.

Ons wou nie hê ons guerrillas moet soos 'n vis uit die water wees nie. Daarom het hulle die massa gepolitiseer waar hul ook gegaan het. Die massas het hulle gevoed, die massas het hulle die nodige beskerming teen die vyand gegee, die massas het inligting aan hulle verskaf.

Die objektiewe realiteit van julle stryd mag verskil van ander soos ons s'n van die stryd in Mosambiek verskil het.

Ons het bevryde gebiede geskep. Ons het meer op die kleinboere as op stedelike mense gesteun. Later het ons ons vir 'n stedelike aanslag voorberei, wat veronderstel was om in 1980 te begin.

Dank God ons het nie die geboue in die stede beskadig nie, omdat ons fondse in die hande sou moes kry om dit te herstel. Behalwe die groot petroltenk (in Harare) het ons nie veel gedoen nie.

**Geweld tussen Suid-Afrikaanse organisasies in die bevrydingsbeweging bly 'n ernstige probleem. Watter lesse kan ons uit Zimbabwe se ondervinding leer?**

MUGABE: Daar was ook binnegevegte voor onafhanklikheid in Zimbabwe. Hierdie dinge gebeur maar die leiers moet voortdurend probeer om die jeug in toom te hou en om mekaar op gemeenskaplike gronde te ontmoet.

Natuurlik vind binnegevegte nie altyd net tussen bondgenote plaas nie, maar miskien tussen Inkatha en die ander. Inkatha is soos Muzorewa en sy party, en kies kant vir die vyand. Ek moet toegee dat Buthelezi gesê het hy sal nie 'n (onafhanklike) bantoestan vir Kwazulu aanvaar nie.

Maar as hy terselfdertyd saam met Botha loop, bevraagteken ons die erns van sy benadering. Maar selfs met Inkatha moet daar oor sekere sake eensgesindheid wees. Die vyand word net bevoordeel wanneer daar op mekaar geskiet word. Waarom nie saamsit en saampraat en die interne konflikte oplos nie?

# Britte het aangebly 'uit vrees vir SA inval'

VREES dat Suid-Afrika Zimbabwe kan binneval was een van die redes waarom Zimbabwe ná onafhanklikheid gevra het dat Brittanje opleidingspersoneel aan hom beskikbaar stel.

In die Tribute-onderhoud het Mugabe gesê dat daar oor die algemeen nie verwag is dat sy Zanu-party die verkiesing sou wen nie. Daar is verwag dat 'n ander groep sou wen, en dat daardie groep met ander groepe teen Zanu sou saamwerk.

Daar is ook gesê as Zanu wen, sal die oorwinning onmiddellik ongedaan gemaak word deur militêre ingrype wat deur Suid-Afrika gesteun sou word, dws deur 'n staatsgreep.

Zanu was bewus daarvan en dit het ná sy oorwinning 'n saak van strategie geword om tyd te koop.

Die Britse goewerneur, Lord Soames, is gevra om 'n rukkie aan te bly. Mugabe sê hy was leier van 'n guerrilla-beweging en het voorheen skoolgehou, maar hy het geen ondervinding van regering gehad nie.

Soames het ondervinding van regering gehad en daarom is hy gevra om aan te bly.

Hulle het aanvanklik dikwels geargumenteer en Soames het Mugabe daarvan beskuldig dat hy sy Zanla toelaat om ander te intimideer. Hy het gesê hy gaan optree en Mugabe het gesê dan sal hy en sy mense teruggaan bos toe.

Later, toe Soames gevra is om aan te bly, het hy gevra: "Bedoel jy dit regtig?" Mugabe het dit bevestig. Hy het gesê Zanu het die verkiesing gewen en dat hulle vrede in die land wil hê.

Soames het gesê hy kan help en dat Britte na Zimbabwe gestuur kan word om met opleiding te help. Soames was bang dat Zimbabwe by kommunistiese China of die Sowjet-Unie om hulp sou aanklop.

"Ons het guerrilla-magte gehad wat heropgelei en in eenhede saamgesnoer moes word. Ons het die teenwoordigheid van Britse troepe hier nodig gehad. Ons moes die blankes met behulp van die Britse span gerusstel dat ons nie hul kele gaan afsny nie," het Mugabe gesê.

Daar kon dan rede vir enigiemand wees om te sê: "Ons wil ons eie troepe stuur om die witmense in Zimbabwe te beskerm. Die Suid-Afrikaners sou dieselfde kon doen. Die Afrikaners hier is die tweede grootste wit groep.

# Demokratiese Party

ALMAL wat glo dat Suid-Afrika nou genoeg gehad het van apartheid, isolasie, polarisasie en ekonomiese verval behoort die komende stigting van die Demokratiese Party te verwelkom.

Vir diegene wat glo dat 'n nie-rassige veelparty-demokrasie die oplossing vir Suid-Afrika se probleme is, is dit wonderlike nuus.

Vir wit kiesers, veral Afrikaners, wat lankal ontevrede is met die manier waarop die Nasionale Party in die naam van Afrikaner-nasionalisme en apartheid ons toekoms beduiwel het, is daar nou 'n party waar hulle waarlik kan tuis voel en hul kragte ingooi.

Vir dié Suid-Afrikaners wat deur die wet gepenaliseer word omdat hulle velkleur donkerder is, is daar nuwe hoop dat daar tog 'n betekenisvolle aantal witmense is wat die stelsel van blanke baasskap wil help beëindig en bereid is om op te staan en iets daaraan te doen.

Ons kan net hoop dat die stigting van die nuwe party 'n nuwe momentum sal gee aan die breë demokratiese beweging in Suid-Afrika, en dat die getal ondersteuners binnekort die gesamentlike ondersteuning van die drie deelnemende partye ver sal oorskry.

Hieraan sal daar hard gewerk moet word, ook deur gewone mense wat in 'n nuwe bestel glo. Daar is geen rede waarom die Demokratiese Party nie na 'n algemene verkiesing die Konserwatiewe Party as Amptelike Opposisie in die Volksraad kan vervang nie.

Maar terwyl daar so entoesiasties gewerk word aan parlementêre verteenwoordiging, mag die bousteen waarop die nuwe groepering staan, nooit uit die oog verloor word nie: nie-rassigheid.

Dit beteken dat die Demokratiese Party nie aan 'n wit of 'n driekamer-parlement glo nie en dat daar gelyke stemreg vir alle Suid-Afrikaners moet wees.

Die Demokratiese Party sal net nog 'n wit politieke party wees as hy nie deel word nie van die breër beweging van groepe en organisasies wat hulle beywer vir 'n oop gemeenskap en 'n Parlement waar die meerderheid regeer.

"Nie-rassigheid" sluit dan ook enige staatkundige oplossing uit wat gebaseer is op ras of kleur of kultuur - ook modderige konsepte soos "bi-kommunalisme" waarmee deesdae gesmous word en wat lyk asof dit so oor 'n jaar of wat NP-beleid kan wees.

As hy sy ideale en beginsels suiwer hou en deurentyd besef waar hy inpas in die groter Suid-Afrika, kan die Demokratiese Party dié party wees wat die skaakmat kan breek en saam voorloop op pad na 'n waarlik nuwe Suid-Afrika.

# So sê hulle . . .

**"IN ONS** huis is daar net een loopbaan - dis vir my 'n voorreg om langs hom te staan." - Marike de Klerk ná FW se verkiesing as hoofleier van die NP.

**"MENSE SOOS** hulle is ware vegters vir demokrasie." - Minister Adriaan Vlok se kommentaar op SA spioene Olivia Forsyth en Joy Harnden.

**"HULLE IS** berekende agente vir apartheid wat opgelei is om disinformasie te saai." - Wilhelm Liebenberg, bestuurslid van Jodac, oor Forsythe en Harnden.

**"EK HET** nog altyd van die standpunt uitgegaan dat ek nie gaan toelaat dat ek geterroriseer word nie. Die vyand moet eerder op sy hoede wees vir my." - Voormalige spioen Craig Williamson.

**"BOEREMUSIEK IS** ritme; voeg 'n paar van die regte instrumente by só 'n orkes en jy het alles." - Neels Mattheus, bestuurslid van die Boeremusiekgilde.

**"THE ROOT** cause of both the corruption in our society and of our creeping poverty lies ... in the racist basis of government policy." - Dr Zach de Beer in die Volksraad.

**"THERE IS** something rotten in the state of emergency." - Christof Heyns in 'n artikel oor die noodtoestand.




## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

# Sloppy Joes van Afrikaans

**Barend J Toerien van Kaapstad skryf:**

Ek het lank overseas gewoon en is shocked hoe ons pêrel van die grootste waarde, dis nou Afrikaans, gepraat word.

Genuine. Ek wil daarom protest teen die trendy mixing van languages van André le Toit, jul letterwriter Riaan Smit en al die ander Sloppy Joes van Paarl Boys High en Matieland.

Julle sal sê ek moenie worry nie, maar ek like dit no way. The other day sê 'n local Englishman in die Kaap vir my dat Afrikaans inadequate is - imagine! - because we always mix in English, en dis waarom hy nie met dit wil bother.

Ek weet nie of ek hom reg gequote het nie, maar so 'n upstart! Mens moet jouself respect, like I mean, but he's got a point I mean to say: hoekom anyhow bother met Afrikaans?

Anyway, ek rave oor hoe die Engelsman sy taal gooi, sy craft polish. Hy praat mos stunning.

En julle sal seker sê ek is immensely boring maar tog more likely on the bôl as ek protest teen die spelling Namibia vir die nuwe people's republic. Dis phoney en upsetting en ek is lus om by die pous te gaan moan (dis nou in Italia).

*(Vir die tweede keer: die Nasionale Vergadering van Namibia het self besluit dat dié land in Afrikaans en Engels Namibia sal heet. Dit is goed genoeg vir ons. - Redakteur.)*

## Nazi-agtergrond

**Ontnugterde Nasionalis van Virginia skryf:**

In die pers word daar dikwels na die sogenaamde ooreenkomste tussen die AWB en die Nazi-beweging verwys. Heel dikwels word dit op 'n neerhalende wyse aangehaal.

Nasionale Party-ondersteuners sal seker geskok wees om te hoor dat 'n voormalige staatspresident van Suid-Afrika 'n student van die Nazi-leerstellinge was. Dr Nico Diederichs is na Duitsland gestuur om leerstellinge in verband met die opvoeding van die nasie se jeug te gaan bestudeer.

Diederichs het dan ook gekwalifiseer in die Nazi's se anti-komintern- opleidingskool.

'n Groot aantal prominente Afrikanerleiers het openlik pro-Nazi gevoelens gekoester en het hulle ambisies en doelstellinge uitgeleef in organisasies soos die Grys Hemde en die Ossewabrandwag. Dit is geen geheim dat die voormalige premiers dr HF Verwoerd en John Vorster pro-Nazi gevoelens gekoester het nie.

Dit is wyd bekend dat die Broederbond die aandag van hulself aftrek deur ander partye en organisasies te beskuldig van dinge waaraan hulself skuldig is en vir hulle 'n verleentheid skep.

Wanneer Nazi-verbintenisse weer aangehaal word, skeer alle betrokkenes oor dieselfde kam of bly stil.

## Koning Sol in Lesotho

**CL Kidson van Edenvale skryf:**

The short answer to the letter by Sirk van Wyk opposing the free market (VW 20 Jan), is that if we dumped arch-capitalist Sol Kerzner, warts and all, in the middle of poverty-stricken Lesotho, and with not a cent to his name, then

* He will prosper.
* Those around him will prosper.
* Not one soul in Lesotho will be one cent worse off.
* The government will tax him and use the money, hopefully, to ease social needs.
* The government will not be tempted to over-tax him, again hopefully. This will cause him to leave the country, when those benefited will sink back to their previous conditions.

The answer to poverty is to pray for rich men.

## Verwoerd, afwykende telg

**Jan Koester van Donkerhoek skryf:**

Ekskuus tog, niemand wil spoke opjaag nie, maar die yslike verwaandheid van die regering wat ons o.a. uit sy swierigheid en morele losbandigheid omtrent die rassesake leer ken het, bereik darem nou 'n rekordlaagtepunt met die beplande oprigting van 'n monument vir dr HF Verwoerd, daardie afwykende telg van Matieland. In, nouja, Pretoria.

En - so terloops en jammer om die saak so onbehoorlik te opper - met PW Botha se volle goedkeuring, néé, samewerking en aanmoediging, in broederlike omarming met FW de Klerk, Andries, Jaap, Carel, al op die ry af tot en met die NP-beheerde stadsraad van Pretoria.

Ewenwel, sonder om onnodig op tone te wil trap: dis mos g'n verrassing nie? Ons weet mos dat die regering en die ander verregse partye en dinge slegs in graad en nie in wese verskil nie. Hulle eet van dieselfde kwade boom van weerbarstige rassisme en dwingelandy.

'n Mens hamer nou nie daarop nie, maar elke kleuter weet dat die regering duidelik nie uit die verlede wil leer nie en dat al die sogenaamde "hervormings" nie uit oortuiging en uit die hart kom nie, maar omdat sy hand geforseer word en uit nooddwang.

Die nukkerige, teësinnige "aflegging" van apartheid is 'n foefie, die skoorvoetende "aanpassings" is net vertragingstaktiek en die onnodige verbod op die BBB en Kie (Verwoerd se getrouste dissipels) net 'n rookskerm.

En die alte vreeslik kostebesparende Parlementspoging dan? 'n Flou, misleidende verskoning en 'n mombakkies vir hul ydelheid.

My opregte simpatie en so aan, maar terwyl ons tans die fokus van wêreldwye veragting is, word met magtelose arrogansie planne gesmee om, let wel, juis dáárdie versmader van menseregte en baanbreker vir Suider-Afrikaanse konflik te gedenk.

Snaaks, in die Sowjet-Unie word monumente vir Stalin deesdae afgebreek, nie opgerig nie.

'n Mens wil rêrig niemand seermaak nie, maar ons regerende koterie maak lankal net soos Francis Bacon se magsbehepte tiran: "He doth like the ape that, the higher he clymbes, the more he shewes his ars".

Verstaan tog asseblief nie verkeerd nie, maar móét daar nog gedenktekens vir die regerende party se misdrywe opgerig word? Dié sieklike ywer moes lank gelede al uitgemasel het, of hoe dan nou?

Ag wat, só 'n monumentale, blink agterent sal die Nasionale regering se waardigste en égste nalatenskap aan die geskiedenis wees, 'n gedagtenis aan hul uittartende oormoed wat geen perke ken nie.

## Sterkte in die stryd

**J Smuts van George skryf:**

Die verskyning van 'n nuwe weekblad op 'n tydstip dat die vrye pers gevaar loop om volkome die swye opgelê te word deur 'n totalitaristiese regering is inderdaad 'n verrassing, nog te meer as dit 'n blad is wat die onderdrukking van vryheid en menseregte en korrupsie in hoë kringe aan die kaak stel.

Dit is soos 'n ligstraal in die toenemende duister wat oor ons land daal en menige al laat wanhoop het oor ons toekoms.

Vir my as Afrikaner is die belangrikste aspek van die saak dat dit 'n Afrikaanse blad is. Hoe lank reeds skaam ek my dat daar geen Afrikaanse blad is wat sy stem teen onreg en onderdrukking verhef nie.

Ek is seker dat die verskyning van hierdie blad by baie weer moed sal wek. Die stigting van die Vrye Weekblad is 'n geloofsdaad en ek vertrou dat die geloof nie sal beskaam nie.

Sterkte in die stryd teen die bose.



Vrye Weekblad
4 November 1988 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20 (AVB ingesluit)
Mandela: 'n nuwe era
BINNE
NP-leier

Vrye Weekblad
11 November 1988 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20 (AVB ingesluit)
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika
Kabinet verlam
VryDag!

Vrye Weekblad
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid Afrika
18 November 1988 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)
Regse terreur:

Vrye Weekblad
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika
25 November 1988 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)
Die sweep klap
Namibia: Russe en VSA span saam

Vrye Weekblad
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika
2 Desember 1988 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)
Nothnagel oorleef NP-aanslag
Wit nagmerrie
Onuitvoerbare KP-beleid kan regse groei belemmer

Vrye Weekblad
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika
9 Desember 1988 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)
Kyk hoe wit is Heunis se strande! 3
KP-Koos se beaut van 'n vuis 5
Boere-gekonkel

Vrye Weekblad
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika
16 Desember 1988 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)
Anton Rupert praat oor 'n nuwe Suid-
Biddag of afdag:
Wat beteken die Gelofte vandag?

Vrye Weekblad
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika
6 Januarie 1989 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20
Die vreemde verhaal van Soetlief en die Ondier

Vrye Weekblad
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika
13 Januarie 1989 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20
Die stryd om die regse stem
Is die regse groei van die laaste paar jaar gestuit? Watter invloed het die Boksburg-debakel gehad? Is Andries Treurnicht nou die onbetwiste leier van die regses

Vrye Weekblad
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika
20 Januarie 1989 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20
Adam Small en sy 'resentment' 4
Hendrickse: Terreur is NP se skuld 3
Hier kom Barend! Op wie se kop gaan PW se kroon val? Die stryd raak nou vuurwarm 3

Vrye Weekblad
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika
27 Januarie 1989 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20
Vrye Weekblad se hofsaak: toetssaak vir persvryheid 3
André Letoit skryf oor twee soorte Boere-drinkers 6
Skikking: Hoe voel die mense van Namibia self? 8 & 9
Botha se era van korrupsie
Jong

Vrye Weekblad
Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika
3 Februarie 1989 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20
Moeder van die nasie haar titel kwyt 4
'n Kortkop-oorwinning: FW 69, Barend 61
Lees volgende week wat is die ware gesig van die nuwe leier
Senior Finansies-man se naam nou genoem
Hoë skelms
Saamtrek in Harare

**Ander publikasies het ons al 'n 'dapper, verfrissende nuwe blad', 'n 'vars bries in 'n bedompige atmosfeer' en 'n 'heldhaftige, professionele projek met 'n roeping' genoem.**

**Die Staatspresident en die Minister van Justisie het deeglik van ons kennis geneem.**

**In net agt uitgawes het ons met ons vreeslose, gebalanseerde aanslag politieke en sakeleiers oor die hele spektrum laat regop sit.**

**'n Groot hap van die room van die Afrikaanssprekende leserspubliek wil nie meer 'n naweek sonder ons begin nie.**

# Hoe lank kan jy bekostig om nie in Vrye Weekblad te adverteer nie?

**Bel Gwynne Wray vandag nog by 836-7236**

# SPORT Vrye Weekblad

● Halberstadt ontbloot sy hart en siel - 15

● Sokkerspelers nog meer professioneel - 15

## SA gholf kniediep in die pekel

**Lappe Laubscher**

SUID-AFRIKAANSE gholf is in die moeilikheid. Nog nooit is dit duidelíker uitgespeel as verlede naweek tydens die Suid-Afrikaanse Ope nie.

Die beste wat 'n Suid-Afrikaanse speler tydens die kampioenskap kon vaar is 'n vierde plek. Die man wat vierde geëindig het was die amateur, Ernie Els.

In die verlede was dit haas onmoontlik vir 'n oorsese speler om die Suid-Afrikaanse Ope te wen. In 1963 het Bob Charles die eerste oorsese speler in die geskiedenis geword om die kampioenskap in te palm.

Die Ier Eamonn Darcy het waarskynlik die spyker op die kop geslaan toe hy na afloop van die Ope gesê het dat die grootste probleem met die toernooi is dat Suid-Afrika se beste spelers dit nie meer ondersteun nie.

In die afgelope tyd het spelers soos Mark McNulty, David Frost, Nick Price en Fulton Allem nie meer in die toernooi afgeslaan nie. Die hoofrede was dat daar nie bofgeld op die spel was nie. Die manne is nog bereid om hier te speel, maar dan verwag hulle 'n fooi voordat hulle afslaan.


Die skedulering van die toernooi in die Sonskynreeks veroorsaak dat dit bots met Amerikaanse reeks wat reeds begin het. Manne soos Frost, Price en Allem speel vir groot geld in Amerika en is nie bereid om terug te kom om net in een toernooi te speel nie.

Die Suid-Afrikaanse gholfbase se houding is dat die manne 'n verpligting het om in Suid-Afrika te kom speel.

Hulle wys daarop dat David Frost verlede jaar bereid was om in die middel van die Amerikaanse reeks na Europa te vlieg om aan die Switserse Ope te gaan deelneem. As hy bereid is om dit te doen kan hy ook in Suid-Afrika kom speel, is die gevoel.

'n Derde rede, waaroor min gesê word is dat van die voorste manne - veral McNulty - wil probeer om hul bande met Suid-Afrika te verbreek. Hulle kry deesdae visumprobleme as hul Suid-Afrikaanse verbintenisse bekend word.

Die feit is egter dat Suid-Afrikaanse gholf nie veel langer kan bekostig dat sy voorste titel ingepalm word deur spelers wat nie eens in Amerika vir 'n spelerkaart kwalifiseer nie.



OP-kaptein Kepler Wessels lê die kolf in

## Eendagkrieket nou baas

**Chris van Vuuren**

NA die opwinding van die afgelope sewe weke se Curriebekerkrieket, moet die fynproewers van die spel vir 'n ruk opsy staan terwyl eendagkrieket die kalklig steel.

Hierdie naweek is dit Jan Alleman se tipe krieket wat op die voorgrond tree met die halfeindwedstryde in die Nissanskild-kompetisie.

Op die Universiteitsveld in Bloemfontein speel die Vrystaters gasheer vir Transvaal, terwyl die Westelike Provinsie en die Oostelike Provinsie mekaar die stryd aansê op Nuweland.

Hierdie halfeindstryde word oor 'n dubbelrondte beslis, met die tweede been aanstaande naweek op die Wanderers en in Port Elizabeth.

Die twee spanne wat vroeg aanstaande maand sake om die Curriebeker sal uitspook, Transvaal en OP, moet as die gunsteling beskou word om dié naweek te wen.

Eendagkrieket is egter so onvoorspelbaar soos die weer en enigiets kan gebeur. Die Vrystaters se kolflys het nie veel om die lyf nie, en of hulle in staat is om aan Transvaal 'n teiken te stel wat hulle enigsins hoofbrekens kan besorg, is te betwyfel.

In eendagwedstryde hierdie seisoen het Joubert Strydom se Vrystaters verbasend goed gevaar, maar of hulle na die fiasko van die Curriebekerseisoen nog fut oor het om terug te veg, sal ons moet sien.

Corrie van Zyl en Allan Donald sal bitter gou van Jimmy Cook, Henry Fotheringham, Roy Pienaar, Brian McMillan en Clive Rice ontslae moet raak, anders gaan hulle balle jaag vir 'n vale. Daarenteen is die onus op die jongelinge Rudolf Steyn, Hansie Cronjé, Ashley Metcalfe en Louis Wilkinson om nie net die boulaanslag van Rod Estwick, Neil Radford, McMillan en Rice die hoof te bied nie, maar om die tellinghouers genoeg werk te gee.

Oostelike Provinsie gaan Nuweland toe om nog meer sout in die WP se wonde te vryf. Adrian Kuiper se Kapenaars is behoorlik teen die planke en het 'n goeie skop onder die agterstewe nodig om hulle 'n bietjie lewe te gee.

Kepler Wessels se Oos-Kapenaars droom al drome van oorwinnings in al die kompetisies en dit is nie bloot lugkastele nie. Hulle het die skietgoed om enige span die stryd aan te sê.

Hul kolflys het meer om die lyf as Jimmy Abbott, terwyl hul boulangel skerp genoeg is om die dikste vel te deurpriem.

Kom Mark Rushmere, Philip Amm, Kepler Wessels, Ken McEwan en Dave Callaghan behoorlik aan die gang, sal die WP vind hulle moet gate toestop wat hulle nie eens geweet het bestaan nie.

Die WP-kolwers bied deesdae minder weerstand as 'n prostituut, en Rod McCurdy, Greg Thomas, Brett Matthews en Tim Shaw sal dit beslis uitbuit.

'n Skielike ineenstorting kan in eendagkrieket 'n dramatiese wending veroorsaak, en hoewel geluk ook 'n taamlike rol speel, sal dit werklik iets snaaks moet verg om te verhoed dat Transvaal en die OP nie aanstaande naweek se tweede been met 'n voorsprong begin nie.

## Skors Psycho finaal, sê sokkermense


LONDEN - Vinny Jones se kort maar omstrede loopbaan in Engelse professionele sokker is in die weegskaal na verlede Saterdag toe hy van die veld gestuur is nadat hy die Everton-verdediger, Kevin Ratcliffe, met die kop gestamp het.

Druk is besig om op die Sokkervereniging toe te neem om 'n einde te maak aan dié hardekoejawel van Wimbledon se gewelddadige optrede op die veld deur hom permanent uit sokker te skop.

Dit was Jones se vierde trekpas en sy tweede van die seisoen.

Dave Woodhouse, die amateurspeler wat deur Jones met die elmboog geslaan is in 'n voorseisoen-wedstryd op die eiland Wright, het aangedring dat die 24-jarige Jones lewenslank geskors word.

"As hy nie uit sokker verwyder word nie, sal hy nog iemand dood maak," het hy verduidelik. "Hy is nie lomp op die veld nie, net gemeen.



Vinny 'Psycho' Jones kry 'n opponent beet

Tommy Smith, die legendariese gewese hardekwas van Liverpool, is nog iemand wat op 'n lewenslange skorsing aandring.

"Die beste wat Jones kan is doen is om weer 'n bouer te word," het Smith gesê. "Sokker het nie die Jones-probleem nodig nie."

"Mense soos hy doen die spel 'n reuse onguns aan. Hoe op aarde kan Engelse klubs verwag om weer in Europa te speel met wat nou aangaan?"

Sulke drastiese stappe teen Jones sal deur die Sokkervereniging geneem moet word, omdat Wimbledon nie hul speler wil afdank nie. Hulle het hom drie jaar gelede vir slegs 12 000 pond by die amateurklub Wealdstone gekoop.

Trouens, Wimbledon gaan hom 'n nuwe kontrak aanbied. Voorsitter Sam Hamman redeneer: "Hy is 'n goeie speler. Sy dissiplinêre rekord het verbeter, daarom is hy reg in ons boeke." — AFP

## Maklike geveg vir Mitchell voorspel

**Lappe Laubscher**

BRIAN MITCHELL is besig om sy naam al dieper in die annale van boks in te graveer. Môreaand verdedig hy sy WBA junior-liggewigtitel vir die sewende keer wanneer hy teen Salvatore Bottilieri deur die toue klim.

Die geveg vind in Capa d'Orlando in Sicilië plaas. Dit is die tweede keer dat Mitchell sy titel in die stad gaan verdedig.

Die vorige keer was toe hy Salvatore Curcetti in die negende rondte uitgeslaan het.

Bokskenners verwag dat Mitchell Saterdagaand die geveg maklik sal wen. Daar is selfs manne wat sover gaan as om te voorspel dat die geveg nie die tiende rondte gaan sien nie.

Carlos Jacomo het die week uit Italië laat weet dat Mitchell so goed voorberei is as wat kan kom. Dit beteken dat die Suid-Afrikaner in staat is om meer as die volle twaalf rondtes te boks.

Die enigste probleem wat Mitchell op hierdie stadium het is dat min van sy teenstander bekend is. Hy kon net 'n video-opname van een rondte van sy teenstander se gevegte te sien kry. Die opname toon blykbaar nie veel nie.

Mitchell is egter 'n bokser wat daarvoor bekend is dat hy nie 'n geveg met 'n vooraf opgestelde plan benader nie.

Hy gebruik gewoonlik die eerste paar rondtes om sy teenstander op te som. Daarna kom hy in hoogste rat en begin met sy meedoënlose styl sy teenstanders afmaai.

Die verwagting is dat môreaand se geveg op dieselfde patroon sal ontwikkel. Mitchell sal waarskynlik stadig begin en van die derde, vierde rondte af die pap dik begin aanmaak.

Vir Brian is dit belangrik dat hy die geveg wen. Dit is sy laaste "maklike" teenstander voordat hy die eerste aanspraakmaker moet aanvat in 'n verpligte verdediging van sy titel.

Dit is bekend dat Brian daaraan dink om sy handskoene op te hang. Sou hy Saterdagaand sy verwagte maklike oorwinning behaal sal hy waarskynlik nog aan twee gevegte vanjaar deelneem voordat hy die sport vaarwel toeroep.

'n Nederlaag in Sicilië sal sy uittreeplanne verhaas.

Dit sal hom ook die kans ontneem om nog vir oulaas geld te maak uit sy wêreldkroon.

In dié stadium is Mitchell egter al verseker dat hy sal uittree as die suksesvolste bokser in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse boks.

## WP se Howabekerspan

**Dennis Morris**

DIE Westelike Provinsie Krieketraad se keurders het hul tevredenheid met Seraj Gabriels as kaptein laat blyk deur hom in bevel te plaas van die span wat Natal aanstaande week in 'n driedaagse Howabeker-wedstryd in Durban pak.

Gabriels, 'n ou strydros wat Transvaal voorheen aangevoer het, het die leisels onder moeilike omstandighede by Vincent Barnes oorgeneem nadat hy hom aan die span onttrek het en verklaar het dat hy nie meer beskikbaar vir provinsiale krieket is nie.

Nietemin het WP die OP onder Gabriels se aanvoering verspot maklik geklop en WP is vol vertroue dat hy die beker vanjaar vir die derde agtereenvolgende keer sal inpalm.

Om sy doel te bereik, moet hy eers met Natal afreken en volgende maand dieselfde met 'n moeilike Transvaal doen.

Vir volgende week se wedstryd het die keurders die veelsydige Stellenbosser, Charles Hendricks, opgeroep. Hy vervang Trevor Seconds.

Die WP-span is: Yusuf Adams, Seraj Gabriels (kaptein), Clinton Dyason, Deon Kemp, Faiek Davids, Mark Rasmus, Randall Cupido, Charles Hendricks, Ebrahim Mohammed, Reggie February, Neil van Schalkwyk.


Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) BPK van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.


# VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 10 Februarie 1989

## Johnny en Sipho weer saam? Wel, amper...

Van verlede jaar af hoor ons gissinge dat Johnny Clegg en Sipho Mchunu weer gaan saamspeel en dat die ou Juluka-span se musiek gaan herleef. Die finale woord uit die crossover-kamp en 'n paar verrassende verwikkelinge in Sipho se loopbaan word uitgespel - 7






Breyten bedrewe in Engels - 6





Gys de Villiers — onderdrukte passies? - 5

Beter seks met bier - 8

Jong Neo-Nazi's se vingers jeuk - 9

Ongemaklike feite oor SA rolprente - 4

Groepsgebiedewet keer konsert nie - 3

Countrymusiek-graad - 4 * Impotensie ontbloot - 9

# Jong Neo-Nazi's wis Turke uit



BONN — Vir die prys van 'n koppie koffie kan jong Wes-Duitsers nou rassistiese rekenaarspeletjies bekom, en die titels, Hunt the Turk of Aryan Test, onderstreep die Neo-Nazi ondertone daarvan.

Die speletjies, wat gewoonlik op slinkse wyse op straathoeke van die hand gesit word, is besig om baie gewild te raak by skole. Ondanks die feit dat die vervaardigers ses maande tronkstraf of boetes van tot 500 000 Duitse mark opgelê kan word, het verkope die hoogte ingeskiet. Die kopiereg in van die programme word toegedig aan Hitler en Hess.

'n Federale buro verantwoordelik vir die beheer oor mediaprodukte wat gemik is op kinders en tieners het onlangs met dié skokkende feite vorendag gekom. In die buro se jongste verslag, met 'n lys van verbode publikasies, video's en rekenaarspeletjies, is 9 nuwe Nazi-speletjies by die bestaande lys van 107 verbode rekenaarspeletjies gevoeg.

Volgens Peter Stefen, die direkteur van die buro, is dit maar net die begin. Van die speletjies word glo naamloos na die buro gestuur en hulle meen dat dit van die ouers is wat ontdek het waarmee hulle kinders speel.

Die nuwe speletjies word op die lys aangegee as: Anti-Turk Test, Aryan Test, Dictator Hitler, Nazi, Overkill en Clean Germany

Nazi-simbole en -liedere bepaal die stemming aan die begin van die spel. Dan volg 'n propaganda-aanval met boodskappe dat alle homoseksuele vigs het en gevolglik uitgewis moet word om van die epidemie ontslae te raak. Nie-Duitsers, Kommuniste, ekoloë, boemelaars en punks se plek in die spel is Auschwitz.

In Nazi Test word die volgende vraag aan die speler gevra: "'n Jong Turk is voor jou. Wat doen jy?" Indien die antwoord nie "Gee hom 'n sianiedkapsule" is nie - wat volgens die spel die korrekte antwoord is - word die speler as 'n stinkende Turk, 'n vuil rot of iets dergliks uitgekryt.

Die Nazi-speletjies is ontwikkel deur hoogs professionele programmeerders, sê mnr Stefen. Sekere programme is verdraaiings van Amerikaanse speletjies soos Castle Wolfenstein. In die oorspronklike moet die speler uit 'n Nazi-konsentrasiekamp probeer ontsnap, terwyl die roofkopie van die speler 'n wag maak wat moet verhoed dat die "vyand van die volk" ontsnap.

Die meeste van die speletjies word uitgereik op kassette vir 'n algemene huishoudelike rekenaar in Wes-Duitsland. Dié rekenaars se pryse het die afgelope 4 jaar met 70 persent gedaal.

Die buro sê 11 persent van die land se rekenaars kan die kassette speel, en 30 persent van families met kinders ouer as 10 jaar besit sulke rekenaars - 50 persent in die groot stede. 'n Totaal van 2 miljoen huishoudings het sulke rekenaars.

Volgens die buro word 85 persent van die tyd wat voor die rekenaar deurgebring word aan speletjies bestee. Rekenaarverslaafdes is altyd op soek na nuwe, goedkoop speletjies - gewoonlik 'n roofkopie. Onwettige kopieë verkoop tussen 10 en 150 mark (R15 - R230).

Maar 'n moeilik beheerbare ontvangskanaal het onlangs op die Wes-Duitse toneel verskyn. Dit is 'n elektroniese posbus wat dag en nag per telefoon bereik kan word - die voornemende speler benodig net 'n rekenaar, 'n modem en 'n telefoonnommer wat in enige van vele tydskrifte se geklassifiseerde advertensies opgesoek kan word.

Na raming bestaan daar duisende sulke dienste in Wes-Duitsland.

Die meeste hiervan is geleë in die industriële Ruhrvallei, asook Wes-Berlyn, München en Hamburg. In Wes-Berlyn, wat bekend is vir sy ekstremistiese politiek en bandelose seks, bestaan daar meer as 50 van die "posbusse".

Die buro se verslag teken 'n profiel van die tipiese rekenaarspeletjie- en posbusverbruiker, gegrond op navorsing onder 200 jongmense.

Dié wat die meeste verslaaf is aan die speletjies bestee 'n gemiddeld van vier uur per skof voor die rekenaar. Een jongeling het gesê hy bring tot 20 uur, sonder 'n onderbreking, voor die rekenaar deur.

Die meeste van die spelers is seuns wat sosiaal geïsoleer is en min selfvertroue het. Slegs 10 tot 20 persent van die spelers is meisies.

Sommige van die spelers is studente wat die speletjies speel om hul reflekse te verbeter. Uiteraard toon hulle ook 'n beter weerstand teen die nadelige ideologieë.

Die buro beskou die verskynsel van rassisme en Nazi-idees wat so geredelik beskikbaar is as skadelik vir die samelewing as geheel, al word die ver-regse groep in die Wes-Duitse politieke spektrum, bestaande uit ongeveer 25 000 lede verbonde aan 'n handjievol organisasies, as marginaal beskou.

# Impotensie laat medici steeds kopkrap




VAN spaansvlieg tot psigoanalise na knolswam, alles is al probeer om impotensie te oorkom, maar niks tot dusver het geslaag nie.

Daar is min sosiale siektes wat soveel hoofpyne tot gevolg gehad het soos die onsuksesvolle uitvoering van wat Montesque "gemeenskaplike gebede" genoem het. Impotensie is pynloos, dog die oorsaak van geestesstryd - veral in 'n samelewing wat seksuele viriliteit so hoog aanslaan.

Impotensie word steeds in baie lande as rede tot egskeiding aanvaar. Die Franse het tot in 1677 diegene wat van impotensie beskuldig is voor 'n raad van 12 kenners getoets.

Volgens Marc Henriot, 'n 27-jarige dokter verbonde aan Nancy-universiteit se mediese fakulteit, het die mensdom alles in sy vermoë gedoen om die probleem te oorkom.

Vyf eeue voor Christus het Karma Sutra 'n donkie se "orgaan" met koring en klein uitjies voorberei en dié mengsel dan aan hoenders gevoer. Die hoenders is dan aan sy pasiënte voorgeskryf.

'n Ander behandeling was om die "onwillige penis met warm water te vryf, te bedek met heuning en gemmer en weer te vryf". Wie die vryfwerk moes doen, word nie gesê nie!

'n Antieke raat skryf voor dat pasiënte vier akkedisse moet fynmaal in asyn en ander treksels en dit dan saampers op die regtergroottoon vóór die tyd, en op die linkergroottoon ná die tyd.

Priesters het die minder morsige metode van gebed voorgeskryf, asook die dra van talismans om die gode, kwaad genoeg om die slagoffer met impotensie te straf, se guns terug te wen.

Priesters het ook verootmoediging en berou voorgeskryf, terwyl towenaars mense aangeraai het om geheime formules in muisbloed neer te skryf, deur die kerkdeur, van die kerk waarin die paartjie getrou het, se sluitelgat te urineer, of, in ernstige gevalle, 'n knoop te maak in 'n wolf se penis.

Indien enige van bogenoemde nie werk nie, is daar 'n hele klompie rate wat tot vandag toe nog in gebruik is. Slae het goeie resultate gelewer, maar nie so goed soos spaansvlieg nie. Die groen poeier beskik ongetwyfeld oor welluswekkende eienskappe, maar die newe-effekte is soms skrikwekkend.

Ambroise Pare, 'n bekende 16e eeuse Franse fisikus, beskryf hoe 'n kloostervoog se geliefde sy disse "gedokter" het met die poeier: "after leaping into action 70 times during the night he died the next morning!" - moontlik van uitputting.

Eers na die verskyning van die 17e eeuse wetenskaplike Harvey se werke oor die bloedsomloop en ander mediese uitvindings het die bygelowe begin verdwyn.

Renosterhoring, welluswekkende bier en sekere verdowingsmiddels is die meer moderne behandelings.

Moderne dokters beveg impotensie vandag met psigoanalise, organoterapie en meganiese hulpmiddels.

Volgens 'n studie van die Metz-universiteit is impotensie besig om groter afmetings aan te neem en is van die ongewone rate besig om terug te keer - troosmiddels is gewild omrede die oorsake van impotensie dikwels sielkundig van aard is.

Dit word veroorsaak deur inhibisie of die spanning van die alledaagse lewe. Die genesing lê in neuro-hormonale balans.

Ondanks dié kennis het 17 persent van Franse mans tussen die ouderdomme van 18 en 65 jaar, wat in 1987 by 'n ondersoek betrek is, gesê hulle lei aan gedeeltelike of algehele impotensie.

